# RESENSIES/ REVIEWS

## B.J. de Klerk en F.W. de Wet (Reds), *Met die oog op God. Voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie* (Noordbrug: Potchefstroom Teologiese Publikasies, 2013), pp. xi + 340, Prys onbekend, ISN 978-0-86955-206-3.

http://dx.doi.org/10.4314/actat.v34i1.14

Die verskyning van ’n plaaslike (prakties) teologiese vakboek – en dan nog in Afrikaans! – is beslis nie iets wat ongesiens verby kan gaan nie. Siende die Suid-Afrikaanse akademiese sisteem veel meer artikels as boeke beloon, was daar vanuit meet ’n nuuskierigheid en waardering by die leser vir hierdie bydrae. Nie net spreek dit die behoefte aan boeke op plaaslike front in vaktaal aan nie, maar dit probeer so ook om weliswaar ’n meer omvattende en indringende bydrae te lewer. Of die boek egter daarin slaag om waarlik as boek oor te kom was deurentyd by my ’n vraag. Afgesien van die laaste opsommende hoofstuk (elf) bestaan die boek uit artikels wat tussen 2010 en 2012 in plaaslike vakjoernale verskyn het. Uiteraard is daar voor- en nadele daaraan verbonde. Aan die een kant belig dit die die bos teenoor die bome, versterk dit die vloei en ordening van die groter argument in die besonder, maar aan die ander kant was daar herhaling asook ’n gevoel by die leser dat ek dit reeds vroeër en elders onder oë gehad het. Die spanning tussen nuut en tweedehands was inherent deurgaans teenwoordig. Ter inleiding dus kan die leser opmerk dat die boek beslis ’n onmiddellike toevoeging tot die Suid-Afrikaanse prakties-teologiese boekrak lewer, maar vanweë sy duidelik artikel-georiënteerde geskiedenis is dit ongelukkig ’n beperkte bydrae. Dalk is dit ’n te hoë verwagting, maar wat as die boek in plaas van te versamel eerder waarlik kon groei vanuit die vorige publikasieproses?

Genoeg egter oor die sisteem en die proses daaragter – waaroor gaan dit in die boek? In Januarie 2010 gee die invloedryke Amerikaanse Praktiese Teoloog, Richard Osmer, ’n belangrike lesing by die Werkgemeenskap van Praktiese Teologie in Suid-Afrika met verwysing na die metateoretiese vertrekpunte in die vakgebied. In samewerking met die welbekende en gerespekteerde praktiese teoloog H.J.C Pieterse van Unisa, besluit die span praktiese teoloë van die Skool vir Kerkwetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) om verdere besinning oor die saak te doen. “Is daar nie ’n uiters belangrike vraag wat ons uitdruklik moet stel voordat Osmer se bekende vier vrae aan die woord kom nie?”, hoor mens hul vra. Voor ons kan vra “Wat gebeur?’, “Waarom gebeur dit?”, “Wat behoort te gebeur?” en “Hoe kan ons dit laat gebeur?”, behoort ons eers te vra na die voorveronderstellings en teoretiese onderbou waarmee

ons hierdie vier vrae stel en ondersoek. Kortom, laat ons nie net bewus wees van ons vertrekpunte (wortels) nie, maar laat ons ook besin oor die verantwoordbaarheid en toereikendheid daarvan.

Die projek "Metateoretiese vertrekpunte" struktureer hul vervolgens in drie fases/afdelings. Eerstens word die onderskeie sleutelelemente waaruit 'n metateoretiese onderbou saamgestel is van naderby ondersoek. In vier hoofstukke word daar breedvoerig uitgebrei op die volgende sleutelsin: "Die noodsaak van die verrekening van die metateoretiese vertrekpunte in prakties-teologiese ondersoek en wetenskaps-beoefening." In hoofstuk een is die aksent op die noodsaak van die verrekening vir die prakties-teologiese wetenskapsbeoefening, en in hoofstuk vier op die prakties-teologiese wetenskapsbeoefening in die lig hiervan. Tussen-in word die elemente van "werklikheidsbeskouing" (hoofstuk twee) en "hermeneutiese benadering" (hoofstuk drie) uitgewerk.

In deel twee (hoofstukke vyf tot tien) verdeel hul die Praktiese Teologie in subdissiplines en verwerk bogenoemde metateoretiese vertrekpunte in verdere besonderhede uit vir elkeen van die spesialisasieterreine van die Praktiese Teologie. Van die Liturgiek, Homiletiek, Gemeentebediening, Kinder- en jeugbediening, Pastorale wetenskap, en Kategetiek word elkeen hoofstuk-vir-hoofstuk bespreek in die lig van hul metateoretiese vertrekpunte. In deel drie (hoofstuk elf) word die voorafgaande twee dele (tien hoofstukke) saamgevat deur veral die "impak" van metateoretiese onderbou op die ontwerp en uitvoer van prakties-teologiese kerklike en/of wetenskaplike ondersoek te bespreek.

Wat 'n mens opval in bogenoemde strukturering is die spesifieke grense en aard van die Praktiese Teologie as Wetenskap wat hier aan ons voorgehou word. Die sterk kerklike begrensing en vertolking staan myns insiens in spanning met 'n groter en wyer publieke aard van die terrein. Die spanning roep ten dele die meriete van die besinning na voorveronderstellings na vore, maar toon tegelykertyd ook die verwydering van paradigmas waarin ons in dieselfde vakgebied werk. In plaas daarvan om slegs van binne-na-buite te dink, wat van 'n Praktiese Teologie wat ook van buite-na-binne gebeur en na ons kom? Wat van die Praktiese Teologie wat ons nie net het en neem nie, maar ook kan ontmoet en ontvang? Wat van Praktiese Teologie wat nie in die magsentrum is en bly nie, maar op die rand geposisioneer is en beweeg? Kortom, wat van 'n Praktiese Teologie waarin ons metateoretiese vertrekpunte ook ons politieke antennas krities bekyk? Die tipe van vrae – so "Met die oog op God" – staan tog nie teenoor of selfs op die rand van die Gereformeerde belydenisgrondslag nie, maar in die hart daarvan.

Laastens, die tegniese versorging (van die kopie wat ek ontvang het) verdien aandag. Etlike bladsye (p. 61, 64, 65, 68, 69, 72, 73, 76) is skoongedruk. Daarby was daar ook gevalle waar dit voorkom asof woorde in sinne sonder die nodige spasies verskyn (sien byvoorbeeld op p. 3 en 7).

’n Waardevolle bydrae dus tot die studieterrein van die Praktiese Teologie, maar beperk en nie sonder gebreke nie.

Martin Laubscher
Universiteit van die Vrystaat
LaubscherM@ufs.ac.za